
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 2 uur

* J E C O N A 2 *

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Skryf die vraagnommer bo elke antwoord.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 B.

1.1.1 Die tydsraamwerk waar enige van die faktore veranderlik is, word die … genoem.

A korttermyn
B vrye tydperk
C mediumtermyn
D langtermyn

1.1.2 Twee mededingende maatskappye wat die mark deel, staan as 'n … bekend.

A duopolie
B tweeledige mark
C simbiotiese mark
D mededingende mark

1.1.3 Wanneer die onderneming nie teen die laagste moontlike koste produseer nie, is dit … ondoeltreffend.

A toedelings
B produktief
C mark
D samespannend

1.1.4 Wanneer die gemiddelde inkomste groter is as die gemiddelde koste, maak die firma 'n …

A ekonomiese verlies.
B normale wins.
C totale verlies.
D ekonomiese wins.

1.1.5 Mededinging is nie op pryse gebaseer nie, maar eerder op faktore wat met produk uniekheid verband hou.

A Nie-prys kompetisie
B Hibriede struktuur
C Onvolledig
D Pareto


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.6 Markte wat onvolledig is omdat hulle nie in die vraag na sekere goedere kan voorsien nie.

A Swart markte
B Ontbrekende markte
C Onvolmaakte markte
D Volmaakte markte

1.1.7 Goedere wat sosiaal skadelik is vir verbruikers word … genoem.

A nie-mededingende goedere
B merietegoedere
C niemerietegoedere
D nie-uitsluitbaarheid

1.1.8 Die werklike koste wat verbruikers betaal wanneer ŉ goed aangekoop word.

A Private voordele
B Sosiale koste
C Private koste
D Sosiale voordeel (8 x 2) (16)

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Implisiete koste | A | ŉ kontanttoelaag wat aan ŉ produsent gegee word om die koste van produksie te verlaag |
| 1.2.2 | Markstruktuur | B | die hindernisse tot toetrede is nie ekonomies van aard nie |
| 1.2.3 | Produsente-subsidies | C | ontleding deur die regering gedoen vir ŉ projek om te bepaal of dit uitgevoer moet word |
| 1.2.4 | Korttermyn | D | voordeel verkry deur ŉ derde party wat nie by die markprys ingesluit is nie |
| 1.2.5 | Samespanning | E | waarde van insette wat deur ŉ entrepreneur besit word en in die produksieproses gebruik word |
| 1.2.6 | Positiewe eksternaliteite | F | die tydperk van produksie waar slegs die veranderlike produksiefaktore kan verander |
| 1.2.7 | Koste-voordeel-analise | G | reëling tussen besighede met die doel om mededinging te beperk |
| 1.2.8 | Kunsmatige Monopolie | H | hoe ŉ mark georganiseer is |
| | | I | ŉ aanbodkantbeleid om skommelinge in die ekonomie uit te stryk |

(8 x 1) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 ŉ Besigheid wat nie die markprys op sy eie kan beïnvloed nie

1.3.2 Goedere en dienste wat op een of ander manier van mekaar verskil

1.3.3 Die voordeel wat die samelewing verkry uit die gebruik van ŉ goed of diens

1.3.4 ŉ Groep produsente wie se doel is om ŉ versamelingsmonopolie te vorm

1.3.5 ŉ Situasie waar een firma ŉ prys vasstel en ander dit as markprys aanvaar

1.3.6 Die voordeel verkry deur ŉ derde party wat nie by die markprys ingesluit is nie (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.


2.1.1 Noem TWEE tipes koste wat gebruik word om die totale koste van 'n firma te bereken. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe kan die regering die ooraanbod van niemerietegoedere verminder? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MONOPOLISTIESE MEDEDINGING**

KITSKOS




Anders as volmaakte mededinging, het monopolistiese mededingende firmas produkte wat nie volmaakte besighede is nie. Verbruikers kan die goedere wat verkies word by enige mededinger koop. Hulle bied verskeie maaltye aan wat uniek aan hulle is, soos verskillende spyskaarte, tema-etes vir kinders en verskillende kombinasies.

[Bron: Google images]

2.2.1 Noem enige EEN manier waarop die bogenoemde restaurante hul etes kan differensieer. (1)

2.2.2 Noem die wins wat deur 'n monopolistiese mededinger op lang termyn gemaak word. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die konsep *monopolistiese mededinging*. (2)

2.2.4 Verduidelik kortliks *nieprys-mededinging* as 'n kenmerk van monopolistiese mededinging. (2)


2.2.5 Waarom sal die eienaars van restaurante nie op die lang termyn ekonomiese wins kan maak nie? (4)

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




2.3.1 Identifiseer die winsmaksimeringspunt in die grafiek hierbo. (1)

2.3.2 Waar word die markprys bepaal? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *monopolie*. (2)

2.3.4 Verduidelik hoe nieprys-mededinging as ŉ hindernis vir toetrede tot ŉ oligopolie optree. (2)

2.3.5 Waarom het oligopoliste aansienlike beheer oor pryse? (4)

2.4 Met behulp van ŉ grafiek, verduidelik ekonomiese verlies as ŉ korttermyn-ewewigsposisie onder perfekte marktoestande. (8)

2.5 Waarom is die koste-voordeel-ontleding nodig vir openbare projekte? (8)
**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van ’n volmaak mededingende firma. (1 x 2) (2)

3.1.2 Waarom is die vraagkromme van ’n individuele besigheid horisontaal? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MEDEDINGINGSKOMMISSIE**

Die Mededingingskommissie word deur die Wet op Mededinging bemagtig om beperkende sakepraktyke, misbruik van dominante posisies en samesmeltings te ondersoek, te beheer en te evalueer om gelykheid en doeltreffendheid in die Suid-Afrikaanse ekonomie te bewerkstellig.

Om sy doel te bereik, is die Kommissie se kernfunksies die volgende: implementeer maatreëls om markdeursigtigheid te verhoog, implementeer maatreëls om openbare bewustheid van die bepalings van die Wet te ontwikkel, ondersoek en evalueer beweerde antimededingende gedrag.

[Bron: nasionale regering.co.za]

3.2.1 Identifiseer ’n instelling wat beperkende sakepraktyke in die uittreksel hierbo ondersoek. (1)

3.2.2 Noem die nasionale departement wat oor mededinging in Suid-Afrika toesig hou. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die konsep *Mededingingsappèlhof.* (2)


3.2.4 Waarom stel die regering minimum pryse vas? (2)

3.2.5 Waarom gaan die regering voort met ’n projek al is die private koste groter as die private voordele? (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.3.1 Verskaf 'n korrekte byskrif vir kromme **D**. (1)

3.3.2 Identifiseer 'n sluitingspunt in die grafiek hierbo. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die konsep *marginale inkomste*. (2)

3.3.4 Waarom maak die volmaakte mededinger ekonomiese wins by $P_3$? (2)

3.3.5 Verduidelik hoe die aanbodkromme van 'n volmaakte mededinger bepaal word. (4)

3.4 Bespreek kortliks die doelwitte van die mededingingsbeleid. (8)

3.5 Hoe kan die bestaan van volmaakte markte 'n impak op verbruikers en produsente hê? (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE groepe werkers wat by minimum lone sal baat. (2)

4.1.2 Hoe bevoordeel homogene produkte verbruikers? (2)

4.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| MARK A | | | MARK B | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Hoeveelheid** | **Prys** | **Totale inkomste** | **Hoeveelheid** | **Prys** | **Totale inkomste** |
| 0 | R20 | - | 0 | R22 | - |
| 1 | R20 | R20 | 1 | R20 | R20 |
| 2 | R20 | R40 | 2 | R18 | R36 |
| 3 | R20 | R60 | 3 | R16 | R48 |
| 4 | R20 | R80 | 4 | R14 | R56 |
| 5 | R20 | R100 | 5 | R12 | R60 |

4.2.1 Identifiseer die mark waarin die vraagkromme 'n afwaartse helling toon. (1)

4.2.2 Wat is die aard van die produk wat in 'n volmaakte mark verkoop word? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die konsep *gemiddelde inkomste.* (2)


4.2.4 Waarom vind individuele firmas dit maklik om 'n volmaakte mark te betree? (2)

4.2.5 Bereken die marginale inkomste vir **MARK B** by hoeveelheid 2? Toon ALLE berekeninge. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




4.3.1 Identifiseer EEN kromme wat met toedelingsdoeltreffendheid verband hou. (1)

4.3.2 Watter hoeveelheid rys sal geproduseer word as 800 eenhede mielies geproduseer word? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *industrie*. (2)

4.3.4 Waarom is oligopolis huiwerig om teen pryse mee te ding? (2)

4.3.5 Waarom word die produksie by punt **D** as ondoeltreffend beskou? (4)

4.4 Met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, verduidelik ekonomiese wins deur 'n monopolie gemaak. (8)

4.5 Hoe beïnvloed samespanning die ekonomie negatief? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ŉ Goeie beginpunt is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik<br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie opinie/Bespreek krities/ Evalueer /Evalueer krities/Teken ŉ grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/ Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken /Lei af/ Vergelyk/ Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/ Debatteer kortliks | Maks. 26<br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige relevante hoëorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om die feite wat reeds in die liggaam genoem is, te herhaal<br>• Enige mening of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteuningsinligting om die besprekings/ ontleding te versterk<br>• ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Vergelyk en stel teenoor mekaar TWEE tipes markstrukture (monopolie en monopolistiese mededinging) in detail. (26 punte)
- Waarom ondersteun die regering monopolieë? (10 punte)

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOME 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Met behulp van relevante grafieke bespreek in detail staatsingryping as ŉ gevolg van markmislukkings. (26 punte)
- Hoe doeltreffend was staatsbesteding om markmislukking aan te spreek? (10 punte)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African